# 2013-11-10_pm_roelof-nel_uit-die-hart_groot-roeping-storm-en-n-vis

**Sprekersleutel**

OV Onbekende Vroulike Spreker
RN Roelof Nel

OV Die Here het die volgende boodskap vir Jona, die Seun van Amittai, gegee: maak klaar en gaan na die groot stad Nineve toe. Praat ernstig met hulle, want ek het hulle slegte lewenswyse raakgesien. Maar Jona het in die teenoorgestelde rigting gegaan om van die Here af weg te kom. Hy het afgegaan na die kus toe, na die hawe Joppe. Daar het hy 'n skip gekry wat Tarsis toe sou vaar. Hy het 'n kaartjie gekoop en aan boord gegaan.

Jona het gehoop dat as hy in 'n westelike rigting gaan hy van die Here af sou wegkom. Jona veroorsaak 'n seestorm. Tydens die vaart het die Here skielik 'n sterk wind oor die see laat opkom. Daar het 'n hewige storm ontstaan en gedreig om die skip te laat sink. Uit vrees vir hulle lewens het die matrose tot hul gode om hulp geroep. Hulle het van die vrag oorboord gegooi om die skip ligter te maak.

Terwyl dit alles gebeur het het Jona afgegaan na die vragruim van die skip en daar gelê en geslaap. Die kaptein van die skip het afgegaan na Jona toe en vir hom geskree, hoe kan jy in sulke omstandighede slaap? Staan op en bid tot jou God. Miskien sal Hy ons genadig wees en ons lewens spaar. Die matrose sê toe vir mekaar, kom ons trek lootjies sodat ons kan vasstel wie hierdie krisis veroorsaak het. Hulle het dit gedoen en Jona is uitgwys.

Toe vra hulle hom, wat het jy gedoen om hierdie storm oor ons te laat losbars? Wie is jy en wat is jou beroep? Waar kom jy vandaan? Wat is jou nasionaliteit? Jona het geantwoord, ek is 'n Hebreër. Ek aanbid die Here, die God van die hemel wat die see en die land gemaak het. Ek is besig om van die Here af weg te vlug. Toe het groot vrees die matrose beetgepak. Hulle het uitgeroep, hoekom doen jy dit?

Die storm het al hoe hewiger geword, daarom het hulle hom gevra, wat moet ons met jou doen sodat die see kan bedaar? Jona het hulle geantwoord, gooi my die see en dit sal kalm word. Ek weet ek is die oorsaak van hierdie groot storm. Die matrose het egter nog harder geroei en het die land probeer bereik. Hulle was nie suksesvol nie want die see het net al hoe onstuimiger geword.

Hulle het die Here aangeroep en gesê, ag Here, moet tog nie dat ons weens hierdie man vergaan nie. Moet ons nie verantwoordelik hou vir sy dood nie. Here, U het gedoen soos U wou. Toe het die matrose Jona opgetel en in die see gegooi. Die onstuimige see het dadelik kalm geword. Groot vrees vir die Here het die matrose

aangegryp. Hulle het ‘n offer vir die Here gebring en ‘n belofte gemaak om Hom te dien.

Toe stuur die Here ‘n groot vis om Jona in te sluk. Jona was vir drie dae en drie nagte in die vis. Jona het uit die ingewande van die vis tot die Here sy God gebid. Hy het gesê, in my groot nood het ek die Here aangeroep en Hy het my geantwoord. Ek het uit die doderyk geroep en U het my gehoor. Toe het die Here die vis beveel en hy het Jona op die strand uitgespoeg. Die Here het ‘n tweede keer met Jona gepraat. Maak jou gereed en gaan na die stad Nineve. Draai die oordeelsboodskap wat ek jou gegee het aan hulle oor.

RN Goeienaand. Ek dink ons moet elke week doop hê. Ek onthou toe ek in matriek was jare gelede moet almal op ‘n stadium besluit wat gaan ons volgende jaar doen. Party ouens het gaan swot, party ouens het gaan werk. Ek onthou mense het goeters gesê soos ek gaan ‘n prokureur word want dit lyk cool op TV, of ek gaan ‘n CA word want ek wil geld maak, of ek wil ‘n dokter word want ek wil soos Grey’s Anatomy wees. En almal het hierdie redes gehad. Ek is goed met mense.

Ek onthou daar was ‘n paar kinders wat iets gesê het soos ek gaan wat ookal swot want ek glo dis my roeping om dit te gaan swot. Die woord roeping het so half gefeature, en ek het gewonder wat beteken roeping. Wat beteken... wat is roeping? Is dit soos watse werk jy nou gaan doen? En later jare het ek so bietjie met die woord geloop en so half tot op ‘n punt gekom en besef, maar roeping, dis nie net beroep, watse werk jy gaan doen nie. Roeping is soos alles.

Roeping is soos hoe werk ek aan my verhoudings. Is ek by die werk, jy weet? Hoe lyk my liggaam, hoe lyk, jy weet, my ander verantwoordelikhede? Iets waaroor ek die laaste tyd nogals oor dink, ons het so ‘n ruk gelede gehoor ons is swanger. Ons is nou ek en my vrou. En een van die goed wat ek die laaste tyd oor dink is, o, wat beteken dit, jy weet, roeping, soos teenoor ‘n kind, of roeping in 'n gesin, so half... hierdie dimensies van roeping was so half, wow, roeping is alles.

Iemand, ‘n wyse man, het vir my hierdie definisie gegee: roeping is om te word wie jy gemaak is om te wees. En ek dink ons moet vanaand bietjie praat oor roeping, om te word wie jy gemaak is om te wees. En roeping is partykeer vir mense so half ‘n spesifieke ding. Miskien kan jy dink aan hierdie een ding wat voor jou lê. Daar is hierdie spesifieke ding. Dalk is jy vanaand hier, jy is nog soos, sjoe, heeltemal in die buitekant. Jy check nog uit wat gaan hier binne aan.

Roeping vir jou is dalk om bietjie nader te beweeg, in die rigting te beweeg, en ek wil hê jy moet bietjie dink wat is roeping, waarnatoe nooi God jou waar jy nou is, en bietjie daarmee ‘n pad stap. En ons gaan dit doen met die storie van Jona. Jona is rêrig ‘n cool boek, ’n baie goeie boek. Meeste van ons, as ons dink aan Jona dink ons aan Jona en die walvis. Jona en die walvis. En ons raak altyd bietjie deurmekaar. Jona het weggehardloop vir Gepetto. Hy wou graag ‘n regte seuntjie geword het, en as hy gejok het het sy neus gegroei. Dis gewoonlik hoe ons aan Jona dink.

Nou, vanaand wil ek net... eintlik al wat ons vanaand gaan doen, ons gaan net so bietjie inklim in Jona se storie en kyk wat gaan daar aan, wat gaan daar aan, met die

vraag waarnatoe, waarnatoe roep God jou dalk deur hierdie storie. Jona begin met God roep vir Jona na Nineve. Nineve was die plek waar Jona nie wou gewees het nie. Nineve, die ouens van Nineve, dit was die hoostad van hierdie Assiriërs. Dis evil, evil, evil ouens gewees. Jona wou nie soontoe gegaan het nie. Dit was buite sy comfort zone gewees. Hy was ‘n profeet en hy was geroep.

God het ander profete geroep. Daar was ‘n ou met die naam van Nahum. Nahum praat oor Nineve dan sê hy, Nineve, julle wat sleg is, julle wat die liggame van mense laat ophoop, julle val gaan vinnig kom en almal gaan hande klap. Maar Nahum was in Jerusalem toe hy dit gesê het. God stuur vir Jona om na Nineve toe te gaan en dit daar vir hulle te gaan sê. Nineve is daar waarnatoe God jou roep waar jy nie wil wees nie, daardie plek van, ja, hoekom kan ek nie in Jerusalem bly soos Nahum nie? Dit is waar Nineve was.

En dan kom God se roeping na Jona toe, en wanneer God se roeping kom na jou toe, en hy gaan, op watse manier ookal, roep God vir hom en God sê vir hom, gaan na Nineve. Ons weet nie hoe God hom geroep het nie. Was dit ‘n brandende bos? Was dit ‘n visioen? Was dit ‘n stem, Jona? Was dit iets in die binnekant? Ons weet nie.

Ons weet nie was daar ‘n mevrou Jona toe hy by die huis kom, toe sê hy, jy sal nooit glo wat vandag met my gebeur het nie. Ons weet nie, en ek dink nie dis so belangrik nie. Ek dink net daar is verskillende maniere hoe God ons roep en hoe God in ons... met ons praat en hoe God ons beweeg. En dalk kan jy dink aan maniere wat God met jou praat. Partykeer is dit iets hier binnekant. Jona word geroep na Nineve.

Nou, Jona word geroep na Nineve. Wat dink julle doen Jona? Hy word geroep na Nineve en Jona hardloop na Tarsis. Hierso is ‘n kaart. Daarso heel regs is waar Jona was. Nineve is daar net so bietjie regs bo. Tarsis is way daardie kant. Wat dink julle doen Jona? God roep hom na Nineve en hy hardloop na Tarsis toe. Hy klim op die skip en hy vat die skip na Tarsis. Wat was Tarsis? Tarsis was die plek waarnatoe Jona gevlug het.

God vra vir hom, gaan na Nineve. Hy vlug na Tarsis. God roep ons. Hy sê, kom serve. Ons vlug na Tarsis. God roep ons en Hy sê vir ons, ja, moenie so judgemental wees nie. Ons vlug na Tarsis. God roep ons partykeer en Hy sê, daar is hierdie... daar is hierdie ding, Ek wil hê jy moet ‘n deel van jou besittings deel met ander mense want ek het meer vir jou beplan, en ons vlug na Tarsis. Tarsis is die plek waarnatoe ek en jy heen vlug. Dis belangrik om te weet hoe lyk jou Tarsis, waar is jou Tarsis.

Nou, die feit dat Jona kon betaal het vir sy bootreis beteken hy was redelik welaf. Hierdie was in die antieke tyd gewees. Geld was nou eers uitgevind. Jona het geld gehad. Dit sê iets van hom. Seevaart is nou eers uitgevind. Hy kon actually... hy het opsies gehad. Hy het mobiliteit gehad. Jona kon keuses gemaak het. Jona kon soos die nuutste tegnologie, wat bote was, ge-access het. Jona het soos geld, mobiliteit, tegnologie, hy het alles gehad, en ek dink partykeer maak keuses dit dalk makliker om weg te hardloop van God.

Ek weet dis skrikwekkend om te dink dat eens op ‘n tyd was die mensdom so primitief, so agter die tyd, so dom gewees dat mense gedink het hulle kan agter

tegnologie en die nuutste uitvindings en die nuutste handelsisteme gaan wegkruip van God. Dis skrikwekkend. Dis wat Jona gedoen het. Tarsis was hierdie groot nuwe handelstad gewees. Dis daardie kant. Tarsis was die groot nuwe handelstad gewees. Dit was grand as jy na Tarsis toe kan gaan. Tarsis was die simbool gewees van rykdom, van welvaart.

Van die ander profete skryf oor Tarsis, Jeremia, dan sê hy, ja, die... jy weet, die Here gaan alles regstel en Hy gaan vernietiging bring in Tarsis, en daar is slegte nuus vir almal op die bote na Tarsis. As jy die boot na Tarsis gevat het dan het jy... jy weet, dan het jy gegaan na 'n plek waar... jy het opsies. Jy het geleenthede. Jy kan keuses maak. 'n Ander profeet sê, eendag as die Here alles gaan herstel gaan Israel se seuns terugkom en voor gaan die bote van Tarsis aangery kom, die skepe, want Jona vat die skip na Tarsis.

Ek kan dink aan 'n Jona wat die skip gevat het na 'n baie suksesvolle posisie in die boubedryf, wat great was, maar vir hom was dit 'n skip na Tarsis. Ek weet van 'n prokureur, 'n Jona, sy Tarsis was om Sandton toe te kom. Hoe lyk jou Tarsis? Waar gaan kruip jy weg van dit waarna die Here jou roep, dit waarna die Here jou uitnooi? En mense mik vir daardie skip. Al 'n lang tyd vat ons die skip na Tarsis.

En dan gebeur die volgende ding: op die skip na Tarsis stuur God 'n wind, 'n groot wind. Dan word... 'n sterk storm breek uit en die matrose word bang en hulle weet nie wat aangaan nie, en hulle begin te bid tot hulle gode. Hulle almal het hierdie verskillende gode gehad, soos elke stam het sy eie god gehad en hulle weet nie wie se god is eintlik op die see nie. En hulle begin te bid. En dis die ding. As daar nie 'n storm is nie dan... tot enige god bid, dan werk enige naam.

Maar die oomblik toe die storm uitgebreek het toe begin... toe word dit crunch tyd. Toe begin dit saak maak watse naam, watse god is die regte ene. En die matrose begin. Hulle probeer al hulle name, want dis nou stormtyd. Ons het nou 'n god nodig. En Jona gaan slaap, en die matrose begin te bid en hulle vra vir Jona, en hulle sê... en Jona sê, dis ek, dis ek. Hy sê vir hulle, wel, gooi my in die water. Hulle sê, nee. Hy sê, gooi my in die water, en hulle sê, nee.

En uiteindelik toe gooi hulle hom in die water en hulle... en die storm raak stil. En hulle raak bang en hulle begin offers te bring. Hulle begin God te loof. Hulle begin... op die skip na Tarsis begin die matrose te worship, wat eintlik heeltemal ironies was. Die profeet van die Here slaap in die boot. Die heidense matrose begin God te loof. Dis half... dis half weird wat daar gebeur.

Was jy al ooit op 'n skip na Tarsis en daarso sien jy iets van jou calling in die ander mense, en ewe skielik kliek jy, hoekom doen hy dit, hoekom doen sy dit, dit wat ek geroep is om te doen? Ewe skielik doen die matrose op die skip na Tarsis dit. Het jy al ooit iets gesien in iemand anders en jy het gedink, dit is... dit is... dis dalk my volgende stap maar dit pas nie? Die kategorieë ewe skielik skuif heeltemal rond. Dit maak nie... dit maak nie sin nie. En die storm... en die storm word erger, en later, later sou daar iemand gekom het wat die storm kon stilgemaak het.

En dan die volgende ding is hulle gooi vir Jona in die water. En die volgende ding wat gebeur is daar kom ‘n groot vis en hy sluk vir Jona in. Nou, party van julle hierso gaan dalk sê, ja right, hoe kan ‘n groot vis iemand insluk en vir drie... dis so half... jy weet, die Skrif sê God roep ‘n vis. God gaan vis... en die vis sê, ja, God. Dis ‘n militêre term. En God sê vir die vis, hier is jou opdragte. Need to know basis. Gaan na Jona, sluk in, moenie kou nie, baie belangrik, en spoeg hom uit.

Dis die opdrag wat God vir die vis gee, en dit gebeur, en jy kan darem, ja, hoe kan ‘n... hoe kan ‘n vis vir Jona insluk? As jy wonder hoe ‘n vis vir Jona kan insluk wil ek jou eerstens sê, great, ek is baie bly jy is hier want ons wil die tipe geloofsgemeenskap wees waar jy nie hoef te wonder wat jy glo, maar wat ons kan praat oor wat ons glo, maar sonder om te veel daar in te gaan. Die punt in die storie is God doen ‘n wonderwerk. Dis hoe die storie geskryf is.

Kan God ‘n wonderwerk doen? Die storie sê God kan ‘n wonderwerk doen. Die Jesus wat uit die dood uit opgewek is, daardie wonderwerk, as God die vis sou kon... sou wou stuur sou Hy kon en alles sou kon gebeur het. Maar om te veel in die detail daarvan in te gaan gaan ons eintlik die hele punt van die storie mis. Die punt is God is besig met iets, en God is besig met iets in Jona se lewe. God stuur die vis, die vis sluk hom in, en Jona daal neer.

Imagine hierdie prentjie: die see is rof, daar is ‘n storm. Jona word in die water gegooi. Vir die Israeliete was dit worst case scenario. Die vis, jy weet, die see, die chaos, dit is die ergste moontlike ding wat hulle soos in ‘n storie kon sê, is hy het soos in die diep water geval. En God stuur die vis, en iets wat hier gebeur is in die storm, êrens gebeur daar iets, en God stuur ‘n vis. God stuur ‘n groot vis en hy sluk vir Jona in. En Jona sit daar in die vis se maag.

En raai wat doen Jona in die vis se maag? Hy begin te bid. Weet jy hoekom bid hy in die vis se maag? Daar was niks anders om te doen nie. Daar was niks anders in die vis se maag om te doen nie. Die eerste hoofstuk, man, Jona, hy maak keuses. Hy hoor dit, hy besluit dit. Hy gaan af na Joppe, hy vat die boot, hy gaan af in die boot, hy gaan slaap. Ewe skielik word al sy keuses weggevat.

Ek dink partykeer bing God ons op ‘n plek van desperasie, wat al ons keuses weggevat word. Partykeer bring God ons op ‘n plek waar al ons krukke, al ons screens wat ons heeldag dophou, dat ons nie meer op ons screens kan kyk nie, ons op 'n punt kom wat al wat oorbly is om te bid. Ek weet van nog ‘n Jona, was betrokke in gevaarlike besigheidstransaksies, dwelms, opgeëindig in rehab. Al wat hy daar kon doen was om stil te raak.

Soms het ons nodig om te stop en te bid en te luister, om te hoor waarnatoe is dit wat God ons nooi. En natuurlik, die groot ding van die storie is binne in die vis gebeur daar iets. Binne in die vis gebeur daar iets in Jona. Tot nou toe, hoofstuk een, het Jona, jy weet, hy het al hierdie goeters gedoen en nou stop alles. En dan ewe skielik is hy in die vis, en hy begin te bid. Hy het nooit voorheen kans gehad om te bid nie.

Dink gou bietjie daaraan. Hierdie ou was die profeet van God. Hy kom van, jy weet, daardie klein dorpie af, Amittai. Hy het nie daar gebid nie. Toe God hom roep het hy

nie gebid nie.  Toe hy afgegaan het hawe toe het hy nie... die hele storie het hy nooit... nie eers op die boot het hy gebid nie.  En nou vir die eerste keer bid hy, wat ek dink ook die vraag maak, ons praat dalk baie met God, maar waar praat ons rêrig diep, rou, met God?  Waar kom ons op daardie punt wat ons net kan stop en sê, wel, hier is ek?

En Jona was daar.  Hy was daar op al die maniere.  Hy skryf.  Die hele volgende hoofstuk is net hierdie lang gebed.  Gaan lees dit vanaand, dis nogals cool.  En hy skryf, ek het afgesak tot in die dieptes van die see, jy weet, die seewiere het om my nek begin draai.  Ek het... die grafte, die doderyk se deur het amper voor my oopgegaan.  En ek was in 'n plek van ongelooflike angstigheid.

Jona was op die einde van sy tou.  Fisies, wel, hy was in die vis se maag gewees, emosioneel, hy was ongelooflik angstig.  Hy sê dit.  Geestelik, hy praat van die doderyk wat hom al uitnooi.  Hy was op 'n plek wat hy het rock bottom getref.  En ek dink partykeer gebeur dit.  Partykeer hardloop ons weg van God en partykeer tref ons rock bottom.  En ek dink iets van die storie is dat dis nooit te vroeg om te bid nie, dis nooit te laat om te bid nie.

Ek dink 'n hartseer ding partykeer is partykeer hardloop ons weg van God af en daar ontstaan 'n storm, maar partykeer word ons ingetrek in ander mense se storms.  Onthou, die vissermanne was ook in gevaar gesit.  Al die ander bote op die see was in gevaar.  Partykeer hardloop ons weg en ons create 'n storm en klomp mense ly daaronder, en van julle word dalk ingetrek in ander mense se storms, ingetrek in ander mense se weghardloop van God en dit wat daarmee saam gaan.  En Jona tref rock bottom, en daar onder vind hy vir God.

Ek kan dink aan 'n Jona wat... sy storm was 'n storm van seksuele aktiwiteite, en toe dit uiteindelik gesurface het toe was alles so vêr gewees, en hy het self van die boot afgespring.  Ek wens hy was hier vanaand gewees.  En dalk kan jy dink aan nog mense wat so vêr in die storm ingegaan het, so vêr weg gegaan het.  Of dalk is daar van ons wat vanaand daarso is, want ons almal kom daar waar ons niks, niks oorhet nie.  En Jona het gedog hy gaan dood, en die vreemde ding is, na drie dae word hy uitgespoeg.  Hy word nie neergesit nie.

Die Bybel het tog redelike sterk woorde om daaroor te praat.  Die Bybel sê die walvis het opgegooi, gebraak.  Hy het 'n proteïne blerts gehad.  Hy het vir George geroep.  Die rede hoekom die skrywers dit nie beter kon vertaal nie is die Hebreeuse woord is nog soveel erger.  Jona eindig op die strand, nie as 'n held nie.  Jona kom en hy stink na, ek weet nie, shrimp cocktail en tuna tartate, en hy lê daarso.  En dis 'n belaglike scene.  Hy kom uit die water is maar hy is nuut.  Daar is iets wat binne in hom gebeur het, al is hy nie nou op hierdie sterk plek nie.  Iets het binne in hom gebeur.

Ons het vanaand gesien hoe mense uit die water uitkom, nuut, met iets wat binne in hulle gebeur het.  En die manier hoe die storie geskryf word, in daardie tyd was daar twee tipe genres gewees.  Iets was of 'n tragedie gewees met 'n hartseer einde, of dit was 'n comedy gewees met 'n goeie einde.  Wat dink julle was Jona gewees, 'n tragedie of 'n comedy?  Jona was 'n comedy gewees.  Jona was 'n comedy gewees met 'n goeie einde.  En dalk eendag gaan ons iets verstaan van hierdie goeie einde, van hierdie groot ding wat gebeur het.

En as ons die storie van Jona lees, as ons die storie lees van ons roeping, van jou lewe, van my lewe, van al die plekke waarnatoe ons hardloop, die trick van Jona is tussen die woorde van die storie, tussen die bladsye van die boek, net soos tussen die momente en die oomblikke van my en jou lewe is daar nog 'n karakter wat aan die werk is, iemand wat tussen die lyne rondbeweeg in Jona se storie.

Dink gou bietjie hieraan: Jona kom van ‘n klein dorpie af, Amittai. Dit was naby Nasaret. Kan jy dink aan nog ‘n profeet wat van Nasaret af gekom het? Jona se naam beteken duif. Het julle ook êrens gelees van iemand, toe hy uit die water uitkom toe is daar soos ‘n duif wat hom neergedaal het? Jona slaap in die boot. As gevolg van sy dade word die storm stilgemaak. Het jy dit al êrens gehoor?

Toe Jesus... aan die einde van Sy lewe toe kom vra die mense vir Hom vir ‘n teken, en Hy sê vir hulle, die enigste teken wat julle gaan kry is die teken van Jona, en soos vir die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die graf ingaan, net so was Jona ook drie dae en drie nagte in die walvis. En op die einde, op die einde van die storie, op die einde van die storm, op die einde van die weghardloop, op die einde van die groot vis is daar ‘n opstanding, is daar ‘n nuwe lewe.

En daar is iets in Jona se storie wat sê, aan die einde, ten spyte van alles wat gebeur het, daar is ‘n nuwe lewe. Daar is ‘n nuwe opstanding. Die storie is eintlik ‘n comedy want hy het ‘n goeie einde. En daar waar ons is, daar waar ek is, daar waar jy is, daar waar die storms is, die storie van Jona sê daar is hierdie nuwe lewe wat daar kan uitkom. In die vroeë kerk, way back, was hulle verskriklik vervolg gewees en hulle het bymekaargekom in Rome, letterlik in die katakombes. Die katakombes is soos die grafte.

Hulle het letterlik soos... hulle het gepraat van die ondergrondse kerk, want dit was letterlik die ondergrondse kerk gewees. En hulle het so half in die katakombes, en hulle so half... hulle het nie worship bands gehad nie, maar hulle het prentjies geteken. Oral in die katakombes het hulle prentjies geteken. Raai watse Ou Testament figuur word die meeste geteken in die katakombes? Nie Moses die wetgewer nie. Dit was nie Abraham, die ou wat die gelofte gekry het nie. Dit was Jona. Ja, dis nie ‘n trick question nie, dit was Jona gewees. Hoe is dit vir ‘n kerkplanting strategie? Kom in die grafte bymekaar.

Maar die een ding wat hulle gedoen het, die een ding wat hulle gedoen het is hulle het prentjies geteken van Jona. Hulle het die joke gekry. Hulle het geweet aan die einde van die storm, aan die einde van die vis was daar ‘n nuwe opstanding. Een van die prentjies wat ons baie mee assosieer, dis nie een wat baie rêrig in die katakombes was nie, maar laterjare, dalk het u al hierdie... ek is nie ‘n kunstenaar nie, dis ‘n vis. En dis een van die prentjies wat gebruik word, en hulle sê, ja, dis die storie van Jona.

Daar is hierdie storie van iets wat gebeur het. Daar is hierdie storie, en dalk ken jy ‘n paar Jonas, en dalk ken jy ‘n paar stories van mense wat neergedaal het tot in die diepste en opgekom het, en hulle het nuwe lewe gevind, wat jou uitnodiging is. Wat is... wat is die volgende stap vir jou waar jy nou is in die storm?

‘n Paar jaar gelede was ek op my skip na Tarsis en ek het my goed aangevang, en uiteindelik het die walvis my uitgespoeg en ek moes 'n paar besluite maak.  Maar toe op ‘n stadium van my lewe toe gaan woon ek in Zimbabwe op ‘n klein sendingstasie, ongelooflike mense.  Man, hulle sal ons almal wegsing, en hulle is 20.  Die greatste, greatste mense, maar op hierdie klein sendingstasie in die bos, dit was tussen die Shonas, die Shona stam waar ek gewoon het, en dis hierdie greatste mense.

En as hulle hulle stories vertel van wat met hulle gebeur het tydens die bosoorlog en selfs nou nog in Zimbabwe, dis die ergste stories.  Baiekeer sal die militia gekom het van die regering en vir almal in die kerk ingejaag het.  Hulle sal die kerk omring met gewere, en dan sal hulle die kerk ingaan en hulle sal die verskriklikste goed aanvang, die verskriklikste goeters, en hulle sal... die kerk het so ‘n white... groen bord voorin gehad, en dan sal hulle al hulle slogans daarop neerskryf.

En eendag toe kom daar ‘n sendingvrou, ‘n tannie, en sy teken op die bord twee biddende hande met bordkryt.  En die verskriklikste goed het gebeur.  En hulle het altyd net vasgekyk na daardie biddende hande, daardie prentjie, en die rebelle het nooit gewaag om daardie hande uit te vee nie.  En daar was ‘n teksgedeelte wat gesê het, bid altyddeur, bid altyddeur.  Hou altyddeur vas aan God.  En die ergste goed het gebeur.

En toe ek daar was en ek vertel hulle en ek vra vir hulle, jy weet, hoe was dit gewees, hierdie verskriklike, verskriklike erge goeters, toe wys hulle na die hande en hulle sê, dit was goed.  Dit was goed.  Dit wat daar gebeur het, die ergste storms, dit was goed.  Hulle het die joke gekry, afgedaal, dieptes van die doderyk, kon dit nie oorwin het nie, slegste oomblikke, kon dit nie oorwin nie.  Dood, waar is jou angel?  Dood, waar is jou oorwinning?

Hulle het besef die joke van Jona is uit.  Aan die einde van die storm, aan die einde van... aan die einde van dit alles kom ons uit op ‘n plek waar daar nuwe lewe is, waar daar ‘n nuwe roeping is, en dis iets van die rigting waarin God ons nooi.  Dis iets van die rigting waarin God ons volg.  Dis iets van wat ons vanaand gesien het, en ek dink dis die storie van Christenskap.  Ek dink dis die uitnodiging van Jesus, te midde van die storms, te midde van alles wag Ek vir jou by die kruis.

Ten spyte van wat jy gedoen het, ten spyte van alles, aan die einde wag Ek vir jou by die kruis, en dis die uitnodiging wat vir ons gemaak word.  En dis die uitnodiging wat vir ons gemaak word in ons roeping en hierdie pad wat ons stap.  Al is dit rof, al is dit sleg, daar is hierdie... daar is hierdie joke.  God het gewen.  Daar is nuwe lewe uit die storm uit, uit die vis uit, uit die doderyk uit.

Ek wil jou uitnooi waar jy is in terme van jou roeping, dalk is dit naby, dalk is dit vêr, dalk is dit in ‘n snaakse rigting, om te stop en net weer te gaan hoor by God en net weer alles neer te sit en te gaan bid, te gaan hoor en te gaan vra, te gaan kyk, is ek nie dalk op ‘n skip na Tarsis maar ek het dit nie besef nie.  En dalk is daar hierdie lewe wat God vir my voor roep, hierdie ding wat vir my wag, maar ek het dit gemis.  Of dalk is ek in die storm en ek sien nie uitkoms nie.  Ek dink dit is die einde.  Die uitnodiging is gaan stop net vir ‘n oomblik, gaan bid, gaan raak rêrig stil by God.

Onthou die teken van Jona. Jesus het opgestaan uit die dood uit, en dis die lewe waarnatoe Hy ons na uitnooi. Ek wil jou nooi om net so... ons gaan vir 'n oomblik net so in die stilte stil raak, en hier is nie genoeg tyd om by God uit te kom nie, maar hierdie is dalk 'n begin, dalk net te sit en te stop en te vra waar is jy. Waarnatoe is jy op pad? Waarnatoe hardloop jy, en onthou jy nog die teken van Jona of het jy dalk opgegee?

Ons bid saam. Vader, U wag vir ons by die kruis, plek van dood, plek van vernedering, die plek van marteling en die plek van storms. En U kom en U maak die kruis en U sê, dit word 'n nuwe ding en dit word 'n nuwe lewe. Daar word iets nuuts opgebou daaruit. Here, die joke is uit. U het opgestaan. Die storms het nie gewen nie. En nooi ons tog na hierdie plek toe, Here.

Here, laat ons ook U stem hoor in ons lewens en laat ons ook in hierdie avontuur kan kom waar ookal ons is. Here, help ons dat ons sal sien as ons op die skip na Tarsis is. Here, help ons dat ons dit sal kan sien en U sal kan hoor, sal kan tyd maak om by hierdie roeping uit te kom, hierdie ding waarvoor U ons roep, hierdie mens wat U ons wil maak en waarnatoe U ons wil vat. Here, help ons om daarby te kan uitkom, waarnatoe dit ookal is, watse pad dit ookal is. Help ons om hierdie uitnodiging by die kruis te kan kry.

Dankie dat U 'n God is wat so lief is vir ons dat U ons kom haal en U ons kom roep, en dankie vir die getuienis wat ons vanaand kon sien met die doop. Here, dankie vir wat U doen in mense se lewens, en maak ons ook deel van daardie reis. Maak ons ook deel van daardie roeping, van hierdie lewe wat U vir ons bring. Here, ons praat oor diep dinge vanaand, dinge na aan ons hart, dinge wat ons bang en angstig maak. Here, help ons tog om te kan inneem, om deur U Gees te kan sien. In die naam van Jesus Christus wat opgestaan het op die derde dag, amen.

In die week wat kom, mag jy God se roeping ervaar en sien en hoor, en mag jy die hoop kry dat die storms en die see nie die laaste sê nie. Die teken van Jona staan nog steeds, amen.